



Opbergers verloor miljoene met gars

Navorsing is dringend nodig om vas te stel waarom soveel moutgars afgegradeer word na voergars. Weens die risiko van afgradering raak opbergers minder geneë om moutgars op te berg.

SAB Miller is in die 2016-'17-bemarkingsjaar vir moutgars op 10 Oktober 2016 deur Anheuser-Busch Inbev oorgeneem nadat 'n voorlopige ooreenkoms op 16 Oktober 2015 aangekondig is. Hierdie samesmelting het daartoe gelei dat die maatskappy die wêreld se grootste biermaatskappy was met 'n verwagte jaarlikse verkope van US\$55 miljard.

Sedert die 2016-'17-bemarkingsjaar (Oktober tot September) het die Suid-Afrikaanse moutgarsopbergingssektor oor ses jaar R267 miljoen se verliese weens die afgradering van moutgars na voergars gely. Dit sluit potensiële verliese in die huidige bemarkingsjaar uit.

Weens die groot verliese is opbergers sedertdien minder geneë om moutgars op te berg. Sommige het besluit om die bedryf te verlaat, terwyl ander dit reeds gedoen het. Die risiko in opberging het 'n direkte impak op moutgarsproduksie. Die probleem kan aangepak word as opbergers kan verstaan waarom moutgars nie aan die hoë ontkiemingsgehalte kriteria van kopers kan voldoen nie.

Moutgars

Die opberging van moutgars is kompleks en weens die verliese sedert 2016-'17 minder volhoubaar. Dit dwing die moutgarswaardeketting om die oorsaak van die verliese vas te stel en om voorkomende maatreëls in te stel om dit te verminder. Met 'n moutgarsopbergingsprotokol met minimum vereistes kan probeer word om die risiko van opberging te verminder en mededinging te verbeter.

Regulasies vir moutgarsgraderings

Die huidige vereistes van kopers vergelyk ook nie met die vereistes van die moutgarsgraderingsregulasies nie. In sekere gevalle is die kontrakteringsvereistes van kopers heelwat strenger as die minimum vereistes in die regulasies. In ander gevalle is daar vereistes in die regulasies wat opbergers nie in die praktyk tot uitvoer kan bring nie.

Die regulasies en die praktyke wat gevolg word, stem dus nie ooreen nie. Die regulasies lewer nie 'n volwaardige bydrae om die handel in moutgars te bevorder nie. Die Wet op Landbouprodukstandaarde

(Wet 119 van 1990) speel nie dieselfde rol in die handel van moutgars soos in die geval met handel in die mieliebedryf nie.

Bydrae van navorsing in moutgarsopberging

Die bydrae wat navorsing in Suid-Afrika oor die opbergingsvereistes van moutgarskultivars tot hede gelewer het, is baie klein. Die opbergingsvereistes vir nuwe moutgarskultivars wat voorheen nog nooit opgeberg was nie, is onbekend.

Opbergers loop potensiële groot risiko's wanneer nuwe moutgarskultivars opgeberg word en waar geen inligting oor die kultivars se opbergingsvereistes bestaan nie. Daar is 'n behoefte dat planttelers opbergbaarheid oorweeg as vereiste om kultivars beskikbaar te stel. As opbergbaarheid nie in aanmerking geneem word nie, sal opbergers nie nuwe moutgarskultivars wil opberg nie om sodoende potensiële verliese te voorkom. Die produksie, opberging, saadverkope en teling van moutgars kan nadelig geraak word.

Wat kan gedoen word?

'n Mens hoop landbou-ekonomiese navorsing sal die huidige stand van die Suid-Afrikaanse moutgarsbedryf noukeurig ontleed en raad gee oor hoe die bedryf hervorm kan word om die risiko's in die waardeketting aan te pak.

Navorsing behoort die opbergingsvereistes van moutgarskultivars en die ontkiemingsverwante eienskappe daarvan uit te lig en te verduidelik of daar 'n verband is. Dan sal opbergers ingeligte bedryfsbesluite oor die opberging van moutgarskultivars kan neem.

Dit is ewe belangrik dat ondersoek ingestel word na die redes waarom moutgars oor die afgelope 15 jaar na voergars afgegradeer is en of daar 'n verband tussen kultivar en afgradering is. Dit is 'n komplekse probleem omdat die oorsaak van 'n afgradering deur een of meer faktore vanaf kultivarontwikkeling, produksie, hantering, opberging, vervoer of vermouting veroorsaak kan word.

Antwoorde op die volgende vrae is nodig. Is daar 'n neiging dat moutgarskultivars in opberging al hoe meer afgegradeer word? Wat is die rede daarvoor? Kan maatstawwe ingestel word om die afgraderingsrisiko's beter te bestuur? Wat is die aangetekende verliese en ekonomiese impak? Kan navorsing 'n bydrae lewer tot beter opbergingspraktyke vir moutgarskultivars? Kan die resultate van goeie navorsing die volhoubaarheid van die moutgarswaardeketting vir alle belanghebbendes verhoog?

Antwoorde op al dié vrae kan die omvang van die probleem beklemtoon sodat hulpbronne beskikbaar gestel word om oplossings te kry.

Goeie, doelgerigte en tydige navorsing is nou dringend nodig om die opbergingsrisiko en die voorkoming van afgraderingsverliese aan te pak. Navorsing in die teling en produksie van moutgarskultivars behoort ook op die opbergbaarheid daarvan te konsentreer en om die hersiening van bedryfsmaatstawwe, soos toepaslike graderingsregulasies, te ondersteun en 'n moutgarsopbergings in te lig. **LBW**

Wessel Lemmer is hoofbestuurder van Agbiz Grain.